

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 53: *Ha'azinu* (הֶאֱזִינוּ) – Luister!

“*Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor.*
Deut.32:1 – PWL¹

Torah: Deut. 32:1 tot 52

Haftorah: 2 Samuel 22:1 tot 51

Hernieuwe Verbond: Open. 15:3; Efes. 5:26; Titus 3:5; Hebr. 10:22; 1 Kor. 10:4; 1 Pet. 2:6; Joh. 20:26 tot 21:25.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 53 wat afgelaai kan word by: [Parashah53Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

The Scriptural meaning of peace never denotes the absence of trouble. Peace is not the absence of negatives but the presence of positives. YHVH's peace is inward and spiritual and never predicated by contrary circumstances or negative events. Neither poverty, sickness, death, nor debt, can override internal peace!

Midrash (Torah Bespreking)

In hierdie voorlaaste parashah van die huidige Torahsiklus leer ons van die profetiese lied wat Moses op bevel van YHVH aan die hele vergadering van Israel voorgedra het.

Hierdie lied is profeties van:

- ❖ Die getrouheid van YHVH en die ontrouheid van Israel (Deut. 32:4 tot 18).
- ❖ Die tugtiging en die strafoplegging van Israel omdat hulle die Rots verwerp het (Deut. 32:19 tot 33).
- ❖ YHVH se ontferming (medelye) en ingryping oor 'n vernederde en verslane Israel (Deut. 32:34 tot 42).

Moses sluit die lied af met die woorde wat ook aan elkeen van ons gerig is, naamlik:

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch: of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com

“Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, wat julle vir jul seuns moet beveel om versigtig na te kom, al die woorde van hierdie wet, want dit is nie ’n leë woord vir julle nie, inderdaad is dit julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit. Deut. 32:46 en 47 – PWL.

Hierdie lied is ook in vele opsigte op elkeen van ons van toepassing, want:

- ❖ YHVH is getrou al is ons ontrou.
- ❖ YHVH tugtig die wat Hy liefhet, want Hy is ‘n God van genade (onverdiende guns) en liefde, maar ons word ook daaraan herinner dat YHVH ‘n God van oordeel is.
- ❖ Yeshua – die Rots – is ons Ewige Hoëpriester wat medelye met ons het (Heb. 4:15; Jak. 5:11).

Soos Dawid kan ons ook ‘n lied sing van ons Rots, ons Vesting en ons Bevryder; ons Rots by wie ons skuil!

Dawid het die woorde van hierdie lied tot יהוה gespreek op die dag toe יהוה hom gered het uit die hand van al sy vyande en uit die hand van Sha’ul. Hy het gesê: “יהוה is my Rots en my Vesting en my Bevryder; my God, my Rots, by wie ek skuil; my Skild en die Horing van my verlossing, my Vesting en my Skuilplek; my Verlosser, U red my van geweld. 2 Sam. 22:1 tot 3 – PWL.

Deut. 32:1 – Na Wie Se Woorde Luister Jy?

Die King James vertaling van Deut. 32:1 lees: *Give ear, O ye heavens, and I will speak; and hear, O earth, the words of my mouth.*

Ons parashah se naam is *ha’azinu* (אזינו) wat *luister* beteken en waarvan die grondwoord *azan* (אזן) is wat beteken om bakoor te maak (Jou oor te ‘vergroot’ deur bakhand agter jou oor te maak). Dit beteken om as te ware jou oor te gee om te luister en te hoor. *Hoor* in Hebreeus is *sh’ma* en is om met toegewyde aandag te luister wat gesê word met die doel om te verstaan sodat dit gedoen kan word. In hierdie verband beteken dit om jou geestelike ore oop te maak – om ontvanklik te wees vir die Woorde van YHVH en om ‘n leerbare gees te hê.

In die boek van die openbaring van Yeshua Messias lees ons die volgende:

Hy wat ore het, luister wat die Gees vir die gemeentes sê: “Aan die wat die oorwinning behaal, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe, wat in God se paradys is”. Open. 2:7 – PWL.

Elkeen wat met toegewyde aandag na die Afgesonderde Gees luister, en met die doel om dit te gaan doen, sal eet van die Boom van die Lewe!! Yeshua is die Boom van die Lewe en die Afgesonderde Gees getuig dat dit die Waarheid en die Woord van YHVH is.

Om te luister en te doen volgens wat die Afgesonderde Gees ons leer en aan herinner (Joh. 14:26), is soos reëndruppels op die jong gras en soos reënbuie op die plante (Deut. 32:2).

Dit herinner ons aan die woorde van die profeet Jesaja toe hy gesê het:

want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiers en brood aan die eter, nie, so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na

My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie. Jes. 55:10 en 11 – PWL.

Om te luister en te doen volgens wat die Afgesonderde Gees ons leer en aan herinner, is om die Naam, naamlik die Karakter en Outoriteit, van YHVH te verkondig (Deut. 32:3). Dan verkondig ons YHVH Yeshua, naamlik die Rots waarvan die Afgesonderde Gees getuig:

Die Rots! Sy werke is volmaak, want al Sy metodes is regverdig; 'n Magtige God van vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Opreg is Hy. Deut. 32:4 – PWL.

Dit herinner ons aan wat Paulus in sy brief aan die Korinthiërs geskryf het:

My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, almal dieselfde geestelike kos geëet het en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een. Nogtans was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het geval in die wildernis. 1 Kor. 10:1 tot 5 – PWL.

Yeshua is die Rots van ons heil (2 Sam. 22:47) en die Rots van Israel (2 Sam. 23:3). Wanneer ons na die woorde van Yeshua luister en dit doen, sal dit wees soos 'n verstandige man wat sy huis op die rots bou.

Elkeen wat daarom na hierdie boodskappe van My luister en dit doen, sal vergelyk word met 'n wyse man wat sy huis op 'n soliede rots bou en die reën het geval en die waterstrome het aangestorm en die winde het teen daardie huis gewaai en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die soliede rots. Elkeen wat hierdie boodskappe van My hoor en dit nie gehoorsaam nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op sand bou en die reën het geval en die waterstrome het aangestorm en die winde het teen daardie huis gewaai en dit het inmeekaargeval en sy val was groot." Matt. 7:24 tot 27.

Na wie se woorde (stem) luister jy? Yeshua self het gesê:

"As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Hy wat My nie liefhet nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het. Hierdie dinge het Ek vir julle gesê terwyl Ek by julle is, maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:23 tot 26 – PWL.

Let op wat Yeshua gesê het, naamlik dat as iemand Hom liefhet, sal hy Sy boodskap (Sy woorde) gehoorsaam (bewaar)! Daarom het Yeshua telkens vir sy dissipels gesê om Hom te volg.

My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Joh. 10:27 en 28.

Dissipels van Yeshua luister na Yeshua se stem en hulle volg Yeshua, want in Hom is die ewige lewe!!

Rabbynse Judaïsme luister **nie** na die stem van Yeshua nie!! Hulle volg dus nie vir Yeshua nie en daarom het hulle nie die ewige lewe nie! Aan die voorvaders van Rabbynse Judaïsme het Yeshua gesê dat Hy die Messias is, maar hulle het Hom nie geglo nie. Daarom het Yeshua vir hulle gesê:

Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie, soos Ek vir julle gesê het. Joh. 10:26.

Die Apostel Johannes som dit soos volg op:

As ons die getuienis van 'n mens aanvaar, hoeveel groter is die getuienis van God? Hierdie is die getuienis van God wat Hy aangaande Sy Seun getuig.

Elkeen wat aanhou vertrou in die Seun van God, het hierdie getuienis in homself. Elkeen wat God nie aanhou vertrou nie, maak Hom tot leuenaar omdat hy die getuienis nie vertrou wat God aangaande Sy Seun getuig nie.

Dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het en dié Lewe is in Sy Seun.

Hy wat vashou aan die Seun, hou vas aan die Lewe en elkeen wat nie die Seun van God vashou nie, het nie die Lewe nie. 1 Joh. 5:9 tot 12 – PWL.

Die lied van Moses is ook profeties van Israel wat Yeshua – die Rots – sal verwerp:

Die Rots wat jou verwek het, het jy verwaarloos en jy het die Magtige God vergeet wat aan jou geboorte gegee het. Deut. 32:18 – PWL.

Omdat Rabbynse Judaïsme vir Yeshua as Messias verwerp het, is hulle tot vandag onder YHVH se tugtiging en strafoplegging soos die lied van Moses geprofeteer het.

Die Vraag?

Luister jy na Yeshua se stem of na die stem van Rabbynse Judaïsme? Ons kan die vraag ook anders stel, naamlik: Wie se stem is die stem van waarheid en wie se stem is die stem van die leuenaar? Wie verkondig die waarheid en wie verkondig die leuen? Die antwoord vind ons die Skrifte van die nuwe verbond:

Wie is die leuenaar anders, as hy wat ontken dat Yeshua Die Gesalfde Een is? Dit is die vals gesalfdes: hy wat die Vader ontken, ontken ook die Seun. Elkeen wat die Seun ontken, vertrou ook nie in die Vader nie. Wie ook al die Seun bely, bely ook die Vader. 1 Joh. 2:22 en 23 – PWL.

Rabbynse Judaïsme is die leuenaar want hulle ontken dat Yeshua die Messias is! En elkeen wat die seun ontken (verwerp), ontken ook die Vader!!

If we reject the Son, we reject the Father. But if we say that we accept the Son, we have the Father. 1 John 2:23 – CEV.

Dit is die gees van die Antimessias wat deur Rabbynse Judaïsme werk:

Hieraan word die Gees van God geken: elke gees wat erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het, is vanuit God en elke gees wat nie erken dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie, is nie vanuit God nie, maar dit is die gees van die vals gesalfde (Antimessias), waarvan julle gehoor het dat hy kom en van nou af in die wêreld is. 1 Joh. 4:2 en 3 – PWL.

Daar is baie misleiers in die wêreld en Rabbynse Judaïsme moet as een van die grootste van hierdie misleiers beskou word. Daarom moet ons ag slaan op hierdie waarskuwing van die Apostel Johannes:

want baie misleiers het uitgegaan in die wêreld in: die een wat nie bely dat Yeshua, Die Gesalfde Een, in die vlees gekom het nie; hy is 'n misleier en teëstander teen Die Gesalfde Een.

Gee aandag aan julle lewe dat julle nie enige iets verloor waarvoor julle gewerk het nie, maar dat julle 'n volle loon kan ontvang.

Elkeen wat 'n oortreder is en nie aanhou in die leer van Die Gesalfde Een nie; God is nie in hom nie. Hy wat aanhou in Sy leer, hy het die Vader sowel as die Seun.

As iemand na julle toe kom en nie hierdie leer bring nie, moet hom nie in die huis ontvang nie en nie vir hom sê, "welkom aan jou," nie,

want hy wat vir hom sê "welkom aan jou," het deel aan sy bose dade. 2 Joh. Vers 7 tot 11

Rabbynse Judaïsme is 'n misleier en teëstander teen YHVH en Sy Seun, want hulle verkondig dat Yeshua, Die Gesalfde Een, **nie** in die vlees gekom het nie!

Is Rabbynse Judaïsme welkom in jou huis en in jou hart? Onthou die waarskuwing van die Apostel Johannes: *hy wat vir hom (Rabbynse Judaïsme) sê "welkom aan jou," het deel aan sy bose dade.* Daarom is die woorde van Open. 18:4 en 5 ook op Rabbynse Judaïsme van toepassing:

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: "Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.

Bepeins of Bespreek

1. Beteken dit dat ons alles van Rabbynse Judaïsme moet verwerp? Nee, maar ons moet met baie groot versigtigheid die vis van die grate skei. Onthou egter:
 - ❖ Dit is maklik om die vis van die grate te skei wanneer ons snoek eet, maar dit is baie moeilik om die vis van die grate te skei wanneer ons sardientjies eet!
 - ❖ Net soos die Christendom 'n mengsel van leuens en waarheid is, so ook is Rabbynse Judaïsme.
 - ❖ Rabbynse Judaïsme het al tweeduisend jaar gelede gekies om te glo dat Yeshua nie die Messias is nie, of anders gestel, dat YHVH nie 'n Seun het nie. Dit is die groot probleem waarmee ons sit indien ons glo dat hulle ons leermeesters van Torah is! Onthou: Rabbynse Judaïsme verkondig, net soos die Christendom, 'n halwe waarheid!
 - ❖ Die volgelinge van Rabbynse Judaïsme ken nie die geregtigheid van YHVH soos in Yeshua Messias openbaar gemaak is nie (Rom. 10:1 tot 3).
2. Om te waarsku teen die gevare van Rabbynse Judaïsme is nie antisemitisme (Jode-haat) nie. Dit gaan nie oor die Jode as sulks nie, maar oor die Godsdienst van Judaïsme wat 'n kragtige misleiding is en talle in die Messiaanse Beweging al ingesluk het. Die eerste tekens van die houvas van hierdie misleiding op gelowiges is:

- ❖ Wanneer die Skrifte van die nuwe verbond, veral die brief aan die Hebreërs, bevraagteken word.
 - ❖ Wanneer Paulus bevraagteken word. In die verband moet 2 Pet. 3:15 en 16 egter onthou word.
 - ❖ Wanneer die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal bevraagteken word en dus die rol van Yeshua in die versoening met YHVH.
3. Wat beteken dit om terug te keer na ons Hebreuse wortels? Indien ons Hebreuse wortels by ons voorvader Abraham begin, waar eindig dit? Ons is eenstemmig dat Abraham, Isak en Jakob ons voorvaders is. Maar wie almal van Jakob se nageslag, en spesifiek die van die stam van Juda, is ons voorvaders? Anders gestel: Is die wysgere van Rabbyne Judaïsme ook ons voorvaders? Ons kan hierdie vraag slegs beantwoord indien ons meer duidelikheid het oor wat die definisie van Rabbyne Judaïsme is. Die volgende artikel sal help om hierdie vrae te beantwoord: [HebreuseWortelsHersien](#)

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.